

## GAP Nuus Desember 2020

Vriende ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus. Hierdie is ons laaste nuusbrieff van die jaar. Julle kan dit as 'n pdf dokument lees, of aanlyn. Hier is die skakel, [www.goandproclaim.co.za/gap-nuus-desember-2020.php](http://www.goandproclaim.co.za/gap-nuus-desember-2020.php). Die nuusbrieff is bietjie lank vir 'n whatsapp boodskap. Ons is dankbaar dat ons hier teen die einde van die jaar nog gesond is en deur die jaar kon kom sonder dat enige een van ons siek geword het. Dit is egter nie meer 'n gegewe nie en is dit net genade.



Ons het die jaar 'n hele paar van ons getroue medewerkers verloor met wie ons al baie lank 'n pad stap. Vroeg in die "lockdown" was dit Thobile Sonjica. Thobile was een van daardie mense wat nie die verlede se bagasie saam met hom gedra het nie omdat hy vergifnis en vryheid in Christus elke dag van sy lewe geleef het. Hy was 'n positiewe bondel energie en was een van die getroue deelnemers aan die transformasie inisiatiewe in die Metro. Tydens sy laaste besoek hier by ons het hy die klavier afgestof en gespeel asof hy nooit gaan ophou nie. In die middel van die "lockdown" was dit Cynthia Mtshilita. Baie van julle het haar storie gevolg tot op die einde, en gehelp op verskeie maniere. Sy was uitstekend met kinderevangelisasie en 'n yster van 'n vrou in haar gemeenskap. Sugnet kon tot 'n dag of twee voor sy gesterf het aan komplikasies van spinale TB aan haar sy wees. Paar weke terug is Fungile Langbooi oorlede. Fungile was eers 'n polisieman voor hy as pastoor in die Baptiste kerk opgelei is. Hy kon lekker Afrikaans praat en het 'n baie goeie sin vir humor gehad. Hy was 'n goeie netwerker en was sy hart altyd groter as net sy eie gemeente. Ons gaan hom veral mis by die Bybelskool op Wiele. Hy was een van die getrouste bywoners en het 'n honger vir die Woord gehad. Mzo Nxele het by die dood omgedraai nadat hy vir twee weke in VW se veldhospitaal was en toe ek hom die laaste keer gesien het was hy nog nie homself nie, maar het dit al beter gegaan. Pastor Pikoli op Port Alfred is huistoe gestuur nadat hy opgeneem is vir 'n maagoperasie, maar positief getoets is. Hy moet nou die pyn en leiding in die tussentyd verduur todat hulle eendag kan opereer, wat nou al hoe onwaarskynliker word. En dan is daar 'n hele klomp medewerkers wie een of meer familieledes verloor het, maar self gelukkig nog gesond is. En dan is die waaraan daar net geen keer is nie soos Phakamisa op Port Alfred wat Ndlambe FM se senders rooiwarm preek. En natuurlik het ons, soos julle ook goeie en naby vriende verloor en word die lys langer veral van die wat positief is. Gesprekke word deesdae begin met, "is jy oraait?" En vermy mens die vraag of iemand positief is oor iets. Dit het heeltemal 'n ander betekenis gekry.

Baie van die dinge waaraan mens waarde geheg het in die verlede het deur die loop van die jaar waardeloos geword en het net die feit dat mens lewe nuwe betekenis gekry. Dit het 'n mens met 'n groter besef gelos dat alleen in Christus daar hoop, en 'n lewe is wat sin maak. Laat ons daarom nie ophou om vir die wat nie hoop het nie, en nie meer sin uitmaak van die lewe nie, die hoop in Christus te bring nie.

### Gesinsnuus

Huppelkind kon dit regkry om die jaar uit te sien met baie aanpassings en moet ek hulle gelukwens dat hulle hier tot die einde toe dit reggekry het om ten spyte van al die onderbrekings en uitdagings te sorg dat die kinders hulle curriculum deurgewerk kry. Daar was nie die jaarlikse braai, konsert en ander funksies nie, maar dit het nie meer saakgemaak nie. Goed gedoen aan al die personeel, hou so aan en baie sterkte! Volgende jaar gaan nie makliker wegtrek nie. Pieter sluit die jaar af op Stellenbosch nadat hy sy tyd op Van der Kloof by Van der Kloof Tegnologie klaargemaak het. Hy het in die begin van die jaar al laat deurskemer dat hy net tot die einde van die jaar daar wil werk en het hy dienooreenkomstig beplan en sy betrokkenheid so daar bestuur. Ek dink hulle gaan hom mis. Hy het regtig sy kant gebring. Hy sal nog steeds werk vir hulle kan doen, sou hulle hom nodig kry. Pieter loop weer op die water, maar het die deure nog elke keer vir hom oopgegaan op die regte tyd. Hy het vinnig weer die drade opgetel met sy vriendskappe, kontakte en by Shofar Gemeente. Shofar het hom dadelik weer ingetrek en vir hom gevra of hy nie een van die uitreik bedieninge wil lei nie. Ons vertrou die deure gaan weer voor hom oopswaai op die regte tyd en plek.

Eldi se storie is bietjie langer maar ons hou dit kort. Sy het nog nie gehoor of sy die permanente aanstelling by Kimberley Hospitaal gekry het vir volgende jaar nie, maar sy is wel hoopvol. So paar maande terug kom ons agter uit die telefoon gesprekke dat daar 'n geklingel in die lug is. So daag sy onlangs hier op vir 'n kort breuk met Johan in sy blou Mini Cooper kort op haar hakke nadat hy haar op George by Ouma ingehaal het. So ontmoet ons vir Johan en leer hom vinniger ken as wat mens gewoonlik doen. Hulle vra ons blessing op die verhouding wat ons hulle gee en so is hulle in 2 motors weer terug

Kimberley toe. Toe die stof gaan lê, merk ouma op George op met 'n glimlag, "die ding het bietjie vinnig gekom"! Inderdaad was die geklingel huweliks klokkies. As al die stukkies bymekaar gevoeg word is dit eintlik 'n wonderlike storie. So kry ons 'n videogreep van die verlowing in die middel van 'n lofprijsing sessie by 'n aand byeenkoms. Ek wou my verbeel Johan het bietjie van die noot af gegaan voor hy by haar by die klavier gaan kniel het om haar die vraag te vra. En dit voor die "gemeente"! Sy het eers die volgende dag haar asem teruggekry. Johan doen kabinetwerk en tussendeur bedryf hy "Chosen Ministries". Hulle doen die lofprijsing by al wat 'n kamp is in en om Kimberley en verder in die Noord-Kaap, en doen ook uitreike by onder andere die wit plakkerskampe. Gaan loer maar op youtube na die videos. Ek kan nie anders as om dit as "grassroots" te beskryf nie. Om meer as 'n duisend wit, swart en bruin kinders vir 'n naweek met lofprijsing te bedien by Pro Regno anderkant Kimberley wil gedoen wees! Die twee beplan weer 'n vinnige draai hier voor kersfees en sal ons dan weer op datum kom met die verdere beplanning maar dit klink asof dit 'n Oos-Kaap troue gaan wees op die stadium iewers in 2021. Net vir die rekord. Johan gaan kyk rugby in Bloemfontein in sy Bloubul trui.

## **Bedienings Nuus**

Hier teen die einde van die jaar kon ons nog 'n Bybelskool op Wiele kursus inpas net voor ons gemeente se Kersmark, daar in die bo-vertrek by die Metodiste Kerk. In die lig van die pandemie se omvang was ons nie baie nie. Beide #1 en #2 het kursusse wat ontwikkel is na gelang van individue en die Kerk se behoeftes en sal almal daarom nie baat vind by al die kursusse nie uit die aard van die saak. Uit #1 is die kursus na my opinie wat almal moet doen die oor vergifnis, "70X7" en uit #2, "The 5 Stages of Consecration", die een wat ons nou gedoen het. Laasgenoemde is 'n bietjie langer en meer intens as die ander en het dit ons 3 oggende geneem om deur te werk. Maar dit is 'n moet vir almal om dit te doen. Ek sê altyd as ek oor die Bybelskool praat, "jy sal nie nou vir my dankie sê nie maar jy sal wel later". Ons hoop om volgende jaar op 'n meer gereelde basis die kursusse aan te bied en is #3 in die pyplyn. Kontak ons gerus as jy belangstel. Iets wat op my hart was om te doen voor die jaar om is was die Bybel- en Literatuur verkope in die ingang van die OK daar in Markstraat. Daar is altyd belangstelling en goeie gesprekke wat uitkom maar is dit duidelik dat mense nie spaargeld het nie, al verkoop ons alles teen kosprys. Ons beplan om volgende jaar dit te hou op die dae wat die SASSA uitbetalings is. Ons het standaard Bybels in voorraad in die verskillende tale. Die Bybels met die zips en die blommetjies is te duur so ons hou dit nie in aan nie. Die goedkoop sagteband Bybels is nou R60 en die Afrikaanse '83 uitgawe kom met 'n kantindeks. Die skrif is net bietjie aan die fyn kant in die meeste standaard Bybels, veral vir die ouer generasie. Die grootdruk Afrikaanse Bybel is R260. Ons het nie voorraad nie, maar kan dit kry. Evangelisasie materiaal het ons baie en versprei dit gratis aan wie dit nodig het.

Iets wat ons gemis het die jaar was die "roadshows" deur die Oos-Kaap, al die gebeds- en ander byeenkomste, die netwerk vergaderings en somer net die tye wat ons saam met ander medewerkers gekuier, saamgebied of mekaar op een of ander manier gehelp het. Dit wil lyk asof dit nie nou gou weer gaan normaliseer nie. Dit het plek gemaak vir baie meer fisiese hulp aan mense. Baie dankie vir almal se hulp deur die loop van die jaar in die verband. Dit het ons gehelp sodat ons hier rondom Kersfees weer 'n klompie gesinne en individue kan seën. Die toeloop by die voordeur toets ons geduld en liefde en het ons regtig wysheid nodig om dit te bestuur. Nege uit tien mense is dankbaar en waardeer dit, maar dan kry jy daardie een of twee uit die tien wat die duiwel hier aangesleep. Dalk is dit hulle wat dit nodig het!

Om vir volgende jaar te beplan is baie moeilik, maar ons doen dit in die hoop dat omstandighede so sal verbeter dat ons verder kan voortgaan. Gaan kyk gerus by [www.goandproclaim.co.za/events.php](http://www.goandproclaim.co.za/events.php).

## **Ten Slotte**

Baie dankie aan almal wat ons deur die loop van die jaar op soveel maniere ondersteun het. Ons waardeer dit regtig. Julle maak 'n verskil in ons lewens sodat ons dit in ander se lewens kan maak. Ons wil graag almal 'n baie Geseënde Kersfees toewens en bid dat dit hierdie Christusfees meer besonders sal wees as enige voriges.

Pierre en Sugnet

[www.goandproclaim.co.za](http://www.goandproclaim.co.za)

[www.facebook.com/goandproclaim](https://www.facebook.com/goandproclaim)